NASIONALE TESTAMENTWEEK
12-16 September 2016

LAAT 'N PROKUREUR JOU TESTAMENT OPSTEL - GRATIS!

6 redes hoekom jy 'n testament moet hê

1. Dit is jou reg om te besluit wie jou bates moet erf.
2. Jy moet verseker dat voorsiening gemaak word vir jou familielede volgens jou laaste wense.
3. Jou bates sal aan die begunstigde van jou keuse nagelaat word.
4. Die eksekuteur wat aangestel word, is 'n persoon wat jy ken, vertrou en self sou gekies het.
5. Jy vermy addisionele of onnodige onkostes.
6. Jy sal ongelukkigheid en konflik tussen jou familielede vermy omdat daar duidelike instruksies sal wees oor hoe jou bates versprei moet word.

5 redes hoekom jy 'n prokureur behoort aan te stel om jou testament op te stel

1. 'n Praktiserende prokureur is 'n gekwalifiseerde regsgeleerde wat by die prokureursorde geregistreer is.
2. 'n Prokureur het die nodige kennis en kundigheid om te verseker dat jou testament geldig is en aan alle regsvereistes voldoen.
3. 'n Prokureur help om te verseker dat jou boedel vining en effektief afgehandel word.
4. 'n Prokureur sal jou adviseer oor probleme wat met jou testament mag ontstaan.
5. 'n Prokureur kan jou eksekuteur help en bystaan.

4 goed om oor te dink voordat jy jou testament opstel

1. Wie moet wat erf.
2. Wie wil jy as voog van jou minderjarige kinders (dié onder 18) aanstel?
3. Wie wil jy as eksekuteur van jou boedel aanstel?
4. Moet jy 'n gesamentlike testament met jou gade oorweeg?

3 feite oor 'n eksekuteur

1. Die eksekuteur moet jou boedel volgens jou wense administreer.
2. Jou prokureur, gade, 'n familielid of vriend kan die eksekuteur van jou boedel wees.
3. As jy besluit om jou gade, 'n familielid of vriend as eksekuteur aan te stel, oorweeg dit om jou prokureur as mede-eksekuteur aan te stel sodat die prokureur met die regsaspekte kan handel.

2 goed wat jy saam moet neem wanneer jy jou prokureur gaan spreek

1. Jou ID-dokument (en dié van jou gade as julle 'n gesamentlike testament wil opstel).
2. 'n Lys van jou besittings (insluitend persoonlike items wat jy aan spesifieke persone wil nalaat) en wie moet wat kry.

1 Besluit geneem

Maak 'n afspraak met 'n prokureur om jou basiese testament GRATIS op te stel gedurende Nasionale Testamentweek van 12 tot 16 September 2016.
Slegs 'n nuwe, basiese testament sal opgestel word. Geen wysigings of heropstellings van bestaande testamente sal gedoen word nie.

Waar om 'n prokureur te kry om jou testament op te stel:
www.LSSA.org.za

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA

Of skakel die prokureursorde in jou provinsie:

- Gauteng, Mpumalanga, Limpopo, Noord-Wes: Prokureursorde van die Noordelike Provinsies (012) 338 5800;
- Wes-, Oos- en Noordkaap: Kaapse Wetsgenootskap (021) 443 6700;
- Vrystaat: Prokureursorde van die Vrystaat (051) 447 3237;
- KwaZulu-Natal: KwaZulu-Natal Law Society (033) 345 1304.

Of skakel die Prokureursorde van Suid-Afrika (012) 366 8800.

Nasionale Testamentweek is 'n gesamentlike inisiatief van die LSSA en sy ses lede: die Black Lawyers Association, die Kaapse Wetsgenootskap, die KwaZulu-Natal Law Society, die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies, die Prokureursorde van die Vrystaat en die National Association of Democratic Lawyers.
Hierdie grafiek is slegs vir inligting bedoel en moet nie as regsadvies beskou word nie.